**Mediaverklaring**
**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)**
**26 Augustus 2019**

**Rekord R15.1 miljard se eise verlede jaar deur ten volle onderskryfde individuele lewenspolisse uitbetaal**

Begunstigdes het verlede jaar meer as R1.5 miljard van Suid-Afrikaanse lewensversekeraars ontvang in eise wat teen volle onderskryfde individuele lewenspolisse ingedien is.

Volgens die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) se sterftevoordeel-eisstatistieke vir ten volle onderskryfde individuele lewenspolisse vir 2018 wat hy vandeesweek bekend gemaak het, het lewensversekeraars 33 545 eise uitbetaal. Dit is 99.3% van alle eise wat ontvang is. Lewensversekeraars het 222 eise in 2018 verwerp, 'n skrale 0.7% van eise teen ten volle onderskryfde individuele lewenspolisse.

Ten volle onderskryfde lewenspolisse word slegs uitgereik indien die individuele polishouer aan die volledige onderskrywingsproses onderwerp is, wat 'n omvattende evaluering van die versekerde lewe se gesondheid en mediese geskiedenis behels.

Rosemary Lightbody, senior beleidsadviseur by ASISA, wys daarop dat die waarde van sterftevoordeeleise teen ten volle onderskryfde individuele lewenspolisse meer as verdubbel het, van R6.8 miljard tot R15.1 miljard, sedert ASISA statistieke in 2012 begin konsolideer het.

| Jaar | Persentasie van eise betaal | Aantal eise betaal | Randwaarde |
|---|---|---|---|
| 2012 | 99% | 34 724 | **R6.8 miljard** |
| 2013 | 98.9% | 36 199 | **R8.4 miljard** |
| 2014 | 98.9% | 36 421 | **R10.3 miljard** |
| 2015 | 98.9% | 35 983 | **R12.3 miljard** |
| 2016 | 99.3% | 35 347 | **R13.1 miljard** |
| 2017 | 99.3% | 34 100 | **R14.4 miljard** |
| 2018 | 99.3% | 33 545 | **R15.1 miljard** |

**Redes vir verwerping van eise**

Lewensversekeraars sal eise teen ten volle onderskryfde lewenspolisse altyd uitbetaal mits dit nie 'n vals eis is nie en solank die polishouer:

- nie sy of haar eie lewe neem binne die eerste twee jaar nadat die polis uitgereik is nie;
- nie belangrike inligting van die versekeraar weerhou het tydens die aansoekproses nie; of
- nie sterf aan 'n aktiwiteit of in 'n gebied wat uitgesluit is nie.

Lightbody wys daarop dat meer as die helfte van alle eise weens nie-openbaarmaking deur lewensversekeraars verwerp is. Nie-openbaarmaking behels 'n daad van oneerlikheid aan die kant van polishouers.

| Redes vir verwerping van eise in 2018 | Aantal eise verwerp | Persentasie eise verwerp |
|---|---|---|
| Nie-openbaarmaking | 123 uit 222 | 55.4% |
| Onderskrywings-uitsluitings | 18 uit 222 | 8.1% |
| Selfdood | 45 uit 222 | 20.3% |
| Bedrog | 36 uit 222 | 16.2% |

- **Nie-openbaarmaking**

Nie-openbaarmaking behels die versuim van polishouers om belangrike inligting wat hul gesondheid en leefstyl raak volledig te openbaar in die hoop om laer premies of dekking sonder uitsluitings te kry.

Lightbody sê dit is bemoedigend dat die persentasie eise wat as gevolg van nie-openbaarmaking verwerp is beduidend gedaal het van 70.3% in 2012 tot 55.4% in 2018.

Sy beklemtoon hoe uiters belangrik dit vir verbruikers is om die potensieel rampspoedige finansiële gevolge vir hul families te verstaan indien hulle versuim om belangrike inligting soos leefstyl- of gesondheidsverwante besonderhede wat die bepalings van die polis wesenlik kan beïnvloed, te openbaar.

Lightbody sê as jy nie seker is of die lewensversekeraar sekere inligting as belangrik sal ag nie, openbaar dit liewer. "As jy nie die presiese tegniese besonderhede van 'n mediese voorval soos byvoorbeeld die diagnose kan onthou nie, meld dan die jaar, die naam van die betrokke dokter en min of meer wat verkeerd was. Die versekeraar kan dan self meer inligting van die betrokke gesondheidsorgverskaffer verkry."

- **Onderskrywingsuitsluitings**

Lightbody verduidelik dat lewensversekeraars gewoonlik uitsluitings toepas vir gevaarlike deeltydse aktiwiteite of vir sekere wêreldstreke waar mense onder gevaarlike omstandighede in ander lande werk. Dit beteken indien die polishouer se dood met die uitgesluite aktiwiteit verband hou of indien hy of sy in die uitgesluite gebied sterf, sal die lewenspolis nie uitbetaal nie.

- **Selfdood**

Die aantal eise wat as gevolg van selfdood verwerp is, het van 65 gevalle in 2017 tot 45 in 2018 gedaal.

Lewensversekeraars het gewoonlik 'n uitsluitingstydperk van twee jaar vir selfdood om te keer dat mense lewensdekking uitneem met die voorneme om hulself kort daarna om die lewe te bring.

Dit beteken dat indien ’n polishouer sy eie lewe neem binne die eerste twee jaar nadat hy lewensdekking uitgeneem het, geen sterftevoordeel aan die begunstigdes uitbetaal sal word nie.

- **Bedrog**

Eise wat verwerp is weens misdadige opset deur die polishouer of die begunstigde het verlede jaar tot 16.2% van alle eise gestyg teenoor 7.6% in 2017.

Lightbody sê dit is nie ongewoon om ’n toename in bedrog te sien wanneer die ekonomie knyp nie omdat mense meer desperaat raak om kontant in die hande te kry.

Eisebedrog behels gewoonlik die indien van vals dokumente en/of sindikaatbetrokkenheid om die lewensversekeraar sover te kry om ’n eis uit te betaal aan iemand wat nie op die voordeel geregtig is nie.

**Einde**

**Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:**
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

**Uitgereik namens:**
Rosemary Lightbody
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, kollektiewe beleggingskema-bestuursmaatskappye, gekoppelde belegging-diensverskaffers, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.*